# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (45/17)

(Volg my op Twitter justchad_cga)

Justin Chadwick 24 November 2017

***"Packaging can be theatre, it can create a story" Steve Jobs***

## KARTON INTEGRITEIT

As die voorste uitvoerder van sitrusvrugte oor langafstande, beteken dit dat uitvoerders van Suider-Afrika se sitrus verseker moet wees van die integriteit van die kartonne wat gebruik word om die vrugte vir hierdie lang reise te verpak. Met meer as honderd jaar se ervaring het kartonontwerp en -konstruksie ontwikkel tot 'n punt waar die vrugte verseker is dat dit in dieselfde toestand sal aankom as wat dit in die karton in die pakhuis gepak word. Aangesien nuwe tegnologie ontwikkel, ontwikkel verpakking ook - en die kartonne moet deurlopend getoets word om te verseker dat hul die moeilike internasionale reise sal oorleef. Die sitrusbedryf is gelukkig om SAPPI as aktiewe vennoot in die waardeketting te hê. Ná verskeie gesprekke tussen Dawid Groenewald (CRI) en Sappi, het hulle ingestem om met die toetsing van sitruskartonne in 2018 voort te gaan. Dit is verlede week tydens die Verpakkingswerkgroepvergadering aangekondig. Soos in die verlede sal die toetse weer op Sappi se koste gedoen word. Al die geakkrediteerde kartonvervaardigers stuur kartonne volgens die CRI Na-oes Tegniese Forum / Verpakking Werkgroep se skedule wat elke jaar in Februarie opgestel word. Bo en behalwe dat sitruspakhuise en CRI-personeel ook monsters trek. Die kartonne word deur die Sappi SANAS geakkrediteerde laboratoriumpersoneel gevou en geplak, en dan vir 24 uur by hoë RH gekondisioneer en dan word die karton-kompressie toetse uitgevoer. Dit word deur 'n volledige verslag gevolg wat al die resultate weergee. Dit is alles deel van die akkreditasieproses. Baie werk en 'n groot besparing vir die bedryf, en om nie te praat van die gepaardgaande gemoedsrus om te weet dat jy 'n getoetsde produk gebruik nie. Gebaseer op grond van die 2017 Sappi SANAS geakkrediteerde laboratorium toetsuitslae en ander CRI-assesserings, is die volgende kartonvervaardigers vir die 2018 sitrusseisoen geakkrediteer. In alfabetiese volgorde: APL Cartons; Corruseal; Houers Koöperatief; Mpact Corrugated; Neopak; New Era Packaging en Sunnypacks.

## BEPLANNING VIR 2018

Soos ons die laaste maand van 2017 nader, begin dagboeke vir 2018 vol te raak. Die CRI wil graag die datums en plekke van die 2018 CRI Na-oes werkswinkels onder produsente se aandag bring. Hulle skop op 30 en 31 Januarie in die Limpopo-provinsie by die Fairview Hotel in Tzaneen af alvorens hulle op 1 en 2 Februarie na die Loskop Forever-oord beweeg. Hulle beweeg dan op 12 en 13 Februarie na die Mbombela-stadion in Nelspruit in Mpumalanga. KZN en Swaziland is op 15 en 16 Februarie aan die beurt met die werkswinkel by Gateway Hotel in Durban. Daarna is dit die Wes-Kaap op 20 en 21 Februarie by Allee Bleue in Stellenbosch. Hul sluit op 22 en 23 Februarie by Mentorskraal, Jeffery's Bay in die Oos-Kaap af. Vir meer inligting, kontak asseblief Liezl by 013 759 8003 of liezl@cri.co.za.

In 2018 sal die CGA-groep ook roadshows in die verskillende streke hou om aktiwiteite van die CGA, CRI, CGACC, CGAGDC, RB, XSIT en Citrus Akademie te bespreek. Alhoewel die finale skedule nie bekend is nie, sal hierdie vergaderings in die weke van 26 Februarie tot 2 Maart en 5 tot 9 Maart 2018 plaasvind. Mitchell Brooke sal een groep lei wat die Oos-Kaap, KZN, Swaziland en Mpumalanga besoek; terwyl ek 'n groep na die Wes- en Noord-Kaap, Limpopo en Zimbabwe sal lei.

Die eerste Sitrusbemarkingsforum vir 2018 sal op 14 Maart in die omgewing van O R Tambo-lughawe gehou word.